



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n
9-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Ouditverslag en korporatiewe bestuur	15	10
2	Maatskappy finansiële state	60	50
3	Kontantvloeistaat en finansiële aanwysers	40	30
4	Vertolking van finansiële inligting	35	30
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: OUDITVERSLAG EN KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 10 minute)**

- 1.1 Kies 'n opsie uit die lys vir elke beskrywing hieronder, skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Nie-uitvoerende direkteure; Vergoedingskomitee; Uitvoerende direkteure;
Oudit komitee; Interne ouditeur

- 1.1.1 Verantwoordelik vir die hersiening van fooie wat aan direkteure betaalbaar is
- 1.1.2 Hulle dien op die Raad van Direkteure, maar werk nie by die maatskappy nie
- 1.1.3 Deur aandeelhouers aangestel om belangrike bestuursfunksies in die onderneming te verrig (3 x 1) (3)

1.2 OUDITVERSLAG

'n Uittreksel uit die Onafhanklike Ouditeursverslag word verskaf.

GEVRA:

- 1.2.1 Identifiseer die tipe verslag en verduidelik waarom hierdie tipe verslag deur die ouditeur uitgereik is. (2)
- 1.2.2 Verduidelik TWEE punte waarom aandeelhouers bekommerd sal wees oor die maatskappy wat so 'n verslag ontvang. (4)
- 1.2.3 Die HUB versoek dat die ouditeur hierdie donasie as 'n 'diverse uitgawe' klassifiseer en die auditmening dienoooreenkomstig aanpas. Gee TWEE redes waarom die ouditeur nie met hierdie voorstel saamstem nie. (4)
- 1.2.4 Afgesien van die bogenoemde kwessies, verduidelik waarom die maatskappy van swak korporatiewe bestuur beskuldig sal word. (2)

INLIGTING:**INXUBA BPK.****UITTREKSEL UIT DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG****Grondslag vir mening**

'n Donasie van R1,2 m is aan 'n plaaslike gemeenskapsorganisasie gemaak vir die voorsiening van gesigsmaskers en hand-ontsmettingsmiddels aan plaaslike skole. Behoorlike prosedures is nie gevolg nie en geen dokumente was beskikbaar om die transaksie te verifieer nie.

Ouditmening

Na ons mening, behalwe vir die donasie, wat nie die regte proses gevolg het nie, gee die finansiële state die finansiële posisie van die maatskappy op 28 Februarie 2021 redelik aan.

VRAAG 2: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(60 punte; 50 minute)**

Die inligting hou verband met ZOZIE (EDMS) BPK., 'n skryfbehoeftehandelaar, vir die jaar wat op 28 Februarie 2021 geëindig het.

GEVRA:

Stel die volgende op vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021:

2.1 Staat van Omvattende Inkomste (36)

2.2 Behoue inkomste nota (7)

2.3 Die EKWITEIT en LASTE afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (17)

INLIGTING:**A. Uittreksel: Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2021:**

	R
Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste	204 040
Lening: Luther Bank	955 000
Krediteurekontrole	368 470
Netto handelsdebiteure	463 000
Bank (gunstige saldo)	132 600
SAID: Inkomstebelasting	295 500
Handelsvoorraad	882 000
Verkope	5 808 000
Koste van verkope	?
Waardevermindering	86 010
Versekering	37 200
Korting ontvang	14 000
Huur inkomste	139 500
Direkteursfooie	450 400
Salarisse en lone	492 600
Ouditfooie	85 700
Rente inkomste	23 400
Diverse uitgawes	?
Gewone aandele dividende (interim dividende)	126 000

B. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- (i) Goedere wat deur 'n debiteur teruggestuur is, R28 800, is nog nie aangeteken nie. Die goedere is weer in voorraad teruggeplaas, maar geen inskrywings is gemaak om hierdie transaksie aan te teken nie. 'n Winsopslag van 60% op die koste word op alle verkope toegepas.
- (ii) Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R14 400 in, wat betaal is vir die tydperk 1 April 2020 tot 31 Maart 2021.
- (iii) Die huurder het die huur betaal tot 30 April 2021. Let daarop dat die huur met 15% per jaar verhoog is, met ingang 1 Julie 2020. Die perseel word sedert 2018 gebruik.

- (iv) Die boekhouer het die voorraad sakrekenaars weggelaat met die opstel van die handelsvoorraadsyfer soos in die voor-aansuiwerings-proefbalans verskyn. 'n Opsomming uit die voorraadrekords van sakrekenaars is soos volg:

Beginvoorraad	600 eenhede
Aankope gedurende die jaar	2 200 eenhede
Terugsendings	180 eenhede
Eenhede verkoop	2 160 eenhede
Eindvoorraad	430 eenhede

- Die relevante verkoopsyfer is aangeteken.
- Sakrekenaars word gekoop teen 'n vaste kosprys van R175 elk. Die spesifieke identifikasietegniek word gebruik om die sakrekenaars te waardeer.

Dit was opgelet dat van die sakrekenaars gesteel is. Dit moet nog aangeteken word.

- (v) Die maatskappy neem drie direkteure in diens op dieselfde fooi-struktuur. Een van hulle het nie sy fooi vir Februarie 2021 ontvang nie. 'n Vierde direkteur, wat op 1 Desember 2020 aangestel is, verdien R3 200 per maand meer as die ander. Hy het sy fooie vir die huidige jaar ontvang.
- (vi) Die salaris van die klerk wat met verlof is, is uit die Salarisjoernaal weggelaat. Die besonderhede van sy salaris is soos volg:

Netto salaris	Totale werknemersaftrekkings	Totale werkgewerbydraes
R9 424	24% van bruto salaris	R1 240

*Werkgewerbydraes word teen salarisse en lone gedebiteer.

- (vii) 'n Aangepaste aanslag is van die eksterne ouditeure ontvang wat aandui dat auditfooie vir die jaar R80 500 beloop.
- (viii) Die leningsstaat van Luther Bank het die volgende aangedui:

• Totale terugbetalings vir die jaar (rente ingesluit)	R258 000
• Rente gekapitaliseer	?
• Saldo op 28 Februarie 2021	R1 082 400

10% van die leningsaldo sal tydens die volgende boekjaar vereffen word.

- (ix) Na inagneming van die aansuiwerings beloop die netto wins na belasting R689 310. Die huidige inkomstebelastingkoers is 31%.

C. Aandelekapitaal en dividende:

Die aandeelregister dui 745 000 aandele in uitreik op 28 Februarie 2021 aan. Die veranderinge in aandelekapitaal en behoue inkomste is aangeteken:

- 1 Oktober 2020: 120 000 aandele is uitgereik teen R8,00 elk.
- 1 Desember 2020: 75 000 aandele is teen R1,40 bo die gemiddelde aandeelprys teruggekoop. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- Interim dividende is op 31 Augustus 2021 betaal.
- 'n Finale dividend van 23 sent per aandeel is op 28 Februarie 2021 verklaar.

D. Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie 2021:

- Netto batewaarde per aandeel (NBW) 860 sent
- Bedryfsverhouding 1,8 : 1

VRAAG 3: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS
(40 punte; 30 minute)

Die inligting het betrekking op KAMP BPK. vir die finansiële jaar geëindig
31 Augustus 2021.

GEVRA:

3.1 Bereken die volgende vir die Kontantvloeistaat op 31 Augustus 2021:

3.1.1 Verandering in betaalbares (dui of dit 'n invloei of uitvloei van kontant is) (4)

3.1.2 Inkomstebelasting betaal (4)

3.1.3 Dividende betaal (4)

3.1.4 Opbrengs op aandele uitgereik (5)

3.1.5 Fondse gebruik om aandele terug te koop (3)

3.1.6 Verhoging in lening (4)

3.2 Voltooi die NETTO VERANDERING IN KONTANT EN
KONTANTEKWIVALENTE afdeling in die Kontantvloeistaat (4)

3.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig
31 Augustus 2021.

3.3.1 Vuurproefverhouding. (3)

3.3.2 % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit. (5)

3.3.3 Dividenduitbetalingskoers (%) (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Augustus 2021.**

Rente op lening (van De Beer Leeners)	R99 360
Netto wins voor belasting	1 340 000
Inkomstebelasting	428 800

B. Uittreksel uit die Balansstaat op 31 Augustus 2021.

	31 Aug 2021 R	31 Aug 2020 R
Vorrade	350 000	380 200
Handels- en ander ontvangbares (Nota 1)	278 000	509 800
Kontant en kontantekwivalente	168 000	10 000
Aandeelhouersekewiteit	7 293 200	5 650 000
Gewone aandeelkapitaal	6 840 000	5 440 000
Lening: De Beer Leeners	?	600 000
Handels- en ander betaalbares (Nota 2)	670 100	459 600
Oortrokke bank	-	109 800

C. Nota 1: Handels en ander ontvangbares

	31 Aug 2021 R	31 Aug 2020 R
Handelsdebiteure	278 000	480 500
SAID (Inkomstebelasting)		29 300
	278 000	509 800

D. Nota 2: Handels en ander betaalbares

	31 Aug 2021 R	31 Aug 2020 R
Handelskrediteure	390 800	215 600
SAID (Inkomstebelasting)	33 100	
Aandeelhouers vir dividende	?	208 000
Opgelope uitgawes	6 200	
	670 100	459 600

E. Aandeelkapitaal

1 September 2020	1 600 000 aandeel was in uitreik.
1 Mei 2021	400 000 addisionele aandeel is uitgereik.
31 Augustus 2021	100 000 aandeel is teruggekoop teen R1,40 bo die gemiddelde aandeelprys. Hulle het gekwalifiseer vir finale dividende.

F. Dividende en verdienste:

- Tussentydse dividende is op 28 Februarie 2021 aan alle aandeel op die aandeleregister betaal.
- 'n Finale dividend van 12 sent per aandeel is op 31 Augustus 2021 verklaar. Totale dividende vir die jaar beloop R528 000.
- Die verdienste per aandeel (VPA) is bereken op 53 sent per aandeel.

G. Lening: De Beers Leeners

Die lening is op 1 September 2020 (begin van die boekjaar) verhoog. Rente teen 12% p.j. is op datum betaal en word nie gekapitaliseer nie.

VRAAG 4: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**(35 punte; 30 minute)**

4.1 Kies die korrekte woord (e) van die tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 As 'n onderneming bankrot raak, verloor aandeelhouders slegs hul belegging in aandele. Dit is as gevolg van die (beperkte / onbeperkte) aanspreeklikheidsbegrip.

4.1.2 Die (historiese koste / wesenlikheid / besigheidsentiteit) AARP- beginsel bepaal dat beduidende items soos rente uitgawe afsonderlik in die finansiële state geopenbaar moet word.

4.1.3 Die (netto batewaarde per aandeel / markprys) word beïnvloed deur die vraag na aandele op die aandelebeurs. (3 x 1)

(3)

4.2 **GREEN BPK., BCM BPK. en PLAZA BPK.**

Die inligting het betrekking op drie verskillende maatskappye wat in dieselfde bedryf meeding. Die finansiële jaar van elke maatskappy eindig op die laaste dag van Februarie.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

4.2.1 **Likiditeit**
Identifiseer die maatskappy wat die doeltreffendste likiditeitsposisie het. Haal DRIE finansiële aanwysers aan en verduidelik dit om jou keuse te ondersteun. (6)

4.2.2 **Risiko en hefboom:**
'n Direkteur van Green Bpk. voel dat die maatskappy die lening so gou moontlik moet terugbetaal. Verduidelik wat jy vir hom sou sê. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te motiveer. (6)

4.2.3 **Dividenduitbetalingsbeleid:**
Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingskoerse van Green Bpk. en Plaza Bpk., en gee 'n rede waarom die direkteure van elke maatskappy oor die uitbetalingskoerse besluit het. Haal syfers aan. (6)

4.2.4 **Aandeelhouding van Sandi Charley:**
Sandi Charley is 'n aandeelhouer in twee van hierdie maatskappye. Sy het R800 000 en beoog om dit in nuwe aandele te belê. Al drie die maatskappye het besluit om op 1 Maart 2021 bykomende aandele teen die bestaande markprys op 28 Februarie 2021 uit te reik.

- Bereken Sandi se % aandeelhouding in Green Bpk. en lewer kommentaar op jou bevindings. (4)

Sandi wil ekstra aandele in Green Bpk. koop en beoog ook om in Plaza Bpk. te belê.

- Bereken die minimum aantal aandele wat sy in Green Bpk. moet koop en die bedrag wat sy sal moet bestee. (6)
- Watter advies sou jy vir Sandi gee oor haar voorneme om aandele in Plaza Bpk. te koop? Gee TWEE punte. Haal syfers (finansiële aanwysers) aan om jou advies te ondersteun. (4)

INLIGTING:**A. Finansiële aanwysers op 28 Februarie 2021:**

	GREEN BPK.	BCM BPK.	PLAZA BPK.
Bedryfsverhouding	3,3 : 1	1,8 : 1	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	1,9 : 1	1,1 : 1	0,4 : 1
Gemiddelde debiteure-invoeringsperiode	39 dae	27 dae	31 dae
Gemiddelde krediteure-betalingsperiode	65 dae	42 dae	60 dae
Skuld-ekwiteit	0,6 : 1	0,3 : 1	0,7 : 1
Opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAHB)	9,5%	12,8%	5,3%
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	14,7%	16,2%	11,4%
Verdienste per aandeel (VPA)	91 sent	98 sent	64 sent
Dividende per aandeel (DPA)	47 sent	74 sent	66 sent
Dividend uitbetalingskoers	51,6%	75,5%	103%
Netto batewaarde	520 sent	610 sent	566 sent
Markprys op aandelebeurs	520 sent	692 sent	532 sent
Rentekoers op lening	13%	13%	13%

Kredietvoorwaardes: Debiteure word 30 dae gegun om hul rekeninge te vereffen;
Krediteure laat 60 dae se kredietvoorwaardes toe.

B. Aandele en aandeelhouding van Sandi Charley:

	GREEN BPK.	BCM BPK.	PLAZA BPK.
Aantal uitgereikte aandele	1 700 000	1 800 000	2 000 000
Aandele besit deur Sandi Charley	900 000	450 000	0
Haar % aandeelhouding per maatskappy	?	25%	0%
Aantal aandele wat elke maatskappy beplan om op 1 Maart 2021 uit te reik (teen markprys op 28 Februarie 2021)	250 000	450 000	300 000

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Naam:

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

**REKENINGKUNDE V1
ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	MAKS. PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNT
1	15		
2	60		
3	40		
4	35		
	150		

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 9 bladsye.

VRAAG 1**1.1**

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	

3

1.2 OUDITVERSLAG**1.2.1**

Identifiseer die tipe verslag en verduidelik waarom hierdie tipe verslag deur die ouditeur uitgereik is.

2

1.2.2

Verduidelik TWEE punte waarom aandeelhouders bekommerd sal wees oor die maatskappy wat so 'n verslag ontvang.

4

1.2.3

Die HUB versoek dat die ouditeur hierdie donasie as 'n 'diverse uitgawe' klassifiseer en die auditmening dienoreenkomstig aanpas. Gee TWEE redes waarom die ouditeur nie met hierdie voorstel saamstem nie.

4

1.2.4

Afgesien van die bogenoemde kwessies, verduidelik waarom die maatskappy van swak korporatiewe bestuur beskuldig sal word.

2

TOTAAL	15	
--------	----	--

VRAAG 2

2.1 Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2021

Verkope	
Koste van verkope	
Bruto wins	
Ander inkomste	
Korting ontvang	14 000
Bruto inkomste	
Bedryfsuitgawes	
Waardevermindering	86 010
Diverse uitgawes	
Bedryfswins	
Rente inkomste	23 400
Wins voor rente uitgawe	
Netto wins voor inkomstebelasting	
Inkomstebelasting	
Netto wins na belasting	689 310

2.2 BEHOUE INKOMSTE

Saldo op 1 Maart 2020	
Netto wins na belasting	689 310
Gewone aandele dividende	
Interim dividende	126 000
Saldo op 28 Februarie 2021	

7

2.3 EKWITEIT EN LASTE AFDELING

*toon beduidende items afsonderlik onder Bedryfslaste

AANDEELHOUSERSEKWITEIT	
Gewone aandelekapitaal	
Behoue inkomste	
Niebedryfslaste	
Bedryfslaste	
Handels en ander betaalbares	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

17

TOTAAL

60

VRAAG 3**3.1 Bereken die volgende vir die Kontantvloeistaat op 31 Augustus 2021:**

3.1.1	Verandering in betaalbares (dui of dit 'n invloei of uitvloei van kontant is)		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			4
3.1.2	Inkomstebelasting betaal		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			4
3.1.3	Dividende betaal		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			4
3.1.4	Opbrengs op aandele uitgereik		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			5
3.1.5	Fondse gebruik om aandele terug te koop		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			3
3.1.6	Verhoging in lening		
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
			4

3.2

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	
Kontant en kontantekwivalente (beginsaldo)	
Kontant en kontantekwivalente (eindsaldo)	

4

3.3

3.3.1

Bereken: Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD

3

3.3.2

Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwhiteit	
BEWERKINGS	ANTWOORD

5

3.3.3

Bereken: Dividenduitbetalingskoers (%)	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

TOTAAL	40	
---------------	-----------	--

VRAAG 4

4.1

4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	

3

4.2.1

Identifiseer die maatskappy wat die doeltreffendste likiditeitsposisie het. Haal DRIE finansiële aanwysers aan en verduidelik dit om jou keuse te ondersteun.

MAATSKAPPY:

FINANSIËLE AANWYSERS EN VERDUIDELIKING:

6

4.2.2

'n Direkteur van Green Bpk voel dat die maatskappy die lening so gou moontlik moet terugbetaal. Verduidelik wat jy vir hom sou sê. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te motiveer.

6

4.2.3

Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingskoerse van Green Bpk. en Plaza Bpk., en gee 'n rede waarom die direkteure van elke maatskappy oor dié uitbetalingskoerse besluit het. Haal syfers aan.

6

4.2.4 Aandeelhouding van Sandi Charley:

Sandi Charley is 'n aandeelhouer in twee van hierdie maatskappye.

Sy het R800 000 en beoog om die in nuwe aandele te belê.

Al drie die maatskappye het besluit om op 1 Maart 2021 bykomende aandele teen die bestaande markprys op 28 Februarie 2021 uit te reik

Bereken Sandi se % aandeelhouding in Green Bpk. en lewer kommentaar op jou bevindings.

BEWERKING:

KOMMENTAAR:

4

Bereken die minimum aantal aandele wat sy in Green Bpk. moet koop en die bedrag wat sy sal moet bestee.

6

Watter advies sou jy vir Sandi gee oor haar voorneme om aandele in Plaza Bpk te koop? Gee TWEE punte. Haal syfers (finansiële aanwysers) aan om jou advies te ondersteun.

4

TOTAAL	35	
--------	----	--



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders aangedui in die nasienriglyn, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste item). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in nasienriglyn vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek.
9. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. *Let wel:* kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of soos per nasienriglyn.
10. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn kan verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

VRAAG 1

1.1

1.1.1	Vergoedingskomitee ✓
1.1.2	Nie-uitvoerende direkteure ✓
1.1.3	Uitvoerende direkteure ✓

3

1.2 OUDITVERSLAG

1.2.1

Identifiseer die tipe verslag en verduidelik waarom hierdie tipe verslag deur die ouditeur uitgereik is.

EEM geldige kommentaar ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde
volledige antwoord moet Gekwalifiseerde verslag noem

- Die finansiële state is redelik weergegee, behalwe vir een kwessie rakende die donasie van R1,2 m OF
- 'n Spesifieke item (donasie) kon nie geverifieer word nie OF
- Geen bewyse / dokumente om die donasie van R1,2 m te verifieer nie OF
- Behoorlike prosedures is nie gevolg met betrekking tot die donasie nie

2

1.2.2

Verduidelik TWEE punte waarom aandeelhouders bekommerd sal wees oor die maatskappy wat so 'n verslag ontvang.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Is 'n swaakteit in interne beheermaatreëls - moontlike wanbestuur / bedrog
- Dit sal 'n impak hê op die beeld van die onderneming en op die aandeelprys (vraag) / op aandeelprys / opbrengs verdien / dividende verdien deur aandeelhouders
- Potensiële beleggers sal nie belangstel om aandele te koop nie / bestaande aandeelhouders sal dalk hul aandele wil verkoop
- Direkteure deur hulle aangestel is nie betroubaar nie - verloor vertroue in hulle
- Beduidende inligting word nie openlik bespreek nie (deursigtigheid)
- Geen bewys dat die donasies die beoogde skole bereik het nie / bedrog

4

1.2.3

Die HUB versoek dat die ouditeur hierdie donasie as 'n "diverse uitgawe" klassifiseer en die auditmening dienoreenkomstig aanpas. Gee TWEE redes waarom die ouditeur nie met hierdie voorstel saamstem nie.

TWEE redes ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Hy behoort aan 'n professionele liggaam en is gebonde aan 'n gedragskode
- Hierdie versoek is oneties / bedrieglik gedrag / mislei aandeelhouders
- Hy het geen belang in die onderneming nie, moet onbevooroordeel wees
- Hy is bekommerd oor sy eie reputasie en vooruitsigte vir toekomstige opdragte
- Die ouditeur moet onafhanklik wees om 'n betroubare mening uit te spreek / nie beïnvloed word deur direkteure nie (wat verantwoordelik is vir die opstel van state)
- Daar moet ondersoek ingestel word na moontlike kriminele aktiwiteite / daar mag geen toesmeerdery wees nie / skuldiges moet regsgevolge in die gesig staar.

4

1.2.4 Afsien van die bogenoemde kwessies, verduidelik waarom die maatskappy van swak korporatiewe bestuur beskuldig sal word.

EEN geldige punt✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Die HUB moet die belang van die onderneming en die aandeelhouders eerste stel
- Hy moet etiese gedrag uitoefen in die hantering van maatskappy-aangeleenthede;
- Hy moet verantwoordelikheid neem vir die pligte wat aan hom opgedra word en rekenskap gee van sy daade; moenie bedrieglik wees nie en probeer toesmeer (deursigtigheid)
- Hy moet die deelname van alle rolspelers aan besluitneming aanmoedig

2

TOTAAL	15	
--------	----	--

VRAAG 2

2.1 Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2021

Verkope 5 808 000 ✓ – 28 800 ✓		5 779 200 ☒ *	
Koste van verkope	Verkope x 100/160	(3 612 000) ☒ ☒	
Bruto wins	V - KVV	2 167 200 ☒	6
Ander inkomste	bewerking	132 800 ☒	
Korting ontvang		14 000	
Huur inkomste 139 500 ✓ – 20 700 ✓✓		118 800 ☒ *	
Bruto inkomste	BrutoW + AI	2 300 000 ☒	6
Bedryfsuitgawes	BI – BedrW	(1 197 000) ☒	
Waardevermindering		86 010	
Versekering 37 200 ✓ – 1 200 ✓		36 000 ✓	
Verlies weens diefstal 30 x 175		5 250 ✓✓	
Direkteursfooie 450 400 ✓ + 11 600 ✓✓		462 000 ☒ *	
Salarisse en lone 492 000✓ + 12 400✓✓ + 1 240 ✓		506 240 ☒ *	
Ouditfooie		80 500 ✓	
Diverse uitgawes	balanseerende syfer	21 000 ☒	
Bedryfswins	WvRU – RI	1 103 000 ☒	18
Rente inkomste		23 400	
Wins voor rente uitgawe	NWvB + RU	1 126 400 ☒	
Rente uitgawe 1 082 400 – 955 000		(127 400) ✓ ☒ *	
Netto wins voor inkomstebelasting	NWnB + IB	999 000 ☒	
Inkomstebelasting	689 310 x 31/69	(309 690) ✓✓	
Netto wins na belasting		689 310	36

– 1 vreemde items (maks -2)

* een deel korrek

2.2 BEHOUE INKOMSTE

Saldo op 1 Maart 2020	204 040 + 105 000	309 040	✓✓
Netto wins na belasting		689 310	
Aandele teruggekoop 75 000 x 1,40		(105 000)	✓✓
Gewone aandele dividende		(297 350)	
Interim dividende		126 000	
Finale dividende 745 000 x 23 sent		171 350	✓✓
Saldo op 28 Februarie 2021	ATG en GAD afgetrek	596 000	✓

7

* een deel korrek

2.3 EKWITEIT EN LASTE AFDELING

	AANDEELHOUSERSEKWITEIT	8,60 x 745 000	6 407 000	✓✓
	Gewone aandelekapitaal	balanseerende syfer	5 811 000	✓
4	Behoue inkomste	sien 2.2	596 000	✓
	Niebedryfslaste		974 160	
2	Lening: Luther Bank 1 082 400 – 108 240		974 160	✓✓
	Bedryfslaste	bewerking	697 840	✓
	Handels en ander betaalbares		404 060	✓
	368 470 + 10 350 ✓ + 11 600 ✓ + 12 400 ✓ + 1 240 ✓			
	Aandelhouders vir dividende	sien 2.2	171 350	✓
	SAID: Inkomstebelasting 309 690 – 295 500		14 190	✓✓
	Huidige deel van lening	sien NBL	108 240	✓
11	TOTALE EKWITEIT EN LASTE		8 079 000	✓

17

* een deel korrek

TOTAAL	60	
--------	----	--

VRAAG 3**3.1 Bereken die volgende vir die Kontantvloeistaat op 31 Augustus 2021:**

3.1.1	Verandering in betaalbares (dui of dit 'n invloei of uitvloei van kontant is)
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
(390 800 + 6 200) 397 000 ✓ – 215 600 ✓	181 400 ✓ Invloei ✓
	4
3.1.2	Inkomstebelasting betaal
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
– 29 300 + 428 800 – 33 100 ✓ ✓ ✓	366 400 ☒ een deel korrek
Aanvaar alternatiewe aanbieding vir berekeninge	
	4
3.1.3	Dividende betaal
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
2 000 000 x 12 sent (528 000 – 240 000) 208 000 ✓ + 288 000 ✓✓	496 000 ☒ een deel korrek
Aanvaar alternatiewe aanbieding vir berekeninge	
	4
3.1.4	Opbrengs op aandele uitgereik
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
6 840 000/1 900 000 (100 000 x 3,60) 6 840 000 ✓ + 360 000 ✓✓ – 5 440 000 ✓	1 760 000 ☒ een deel korrek
Aanvaar alternatiewe aanbieding vir berekeninge	
	5
3.1.5	Fondse gebruik om aandele terug te koop
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
140 000 ✓ + 360 000 ☒	500 000 ☒ een deel korrek
OF 100 000 x R5 (1,40 + 3,60)	
	3
3.1.6	Verhoging in lening
	BEWERKINGS
	ANTWOORD
99 360 x 100/12 828 000 ✓✓ – 600 000 ✓	228 000 ☒ een deel korrek
	4

3.2

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	267 800 ✓
Kontant en kontantekwivalente (beginsaldo) – 109 800 + 10 000	(99 800) ✓ ☒
Kontant en kontantekwivalente (eindsaldo)	168 000 ✓

4

3.3

3.3.1

Bereken: Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD
(278 000 + 168 000) 446 000 ✓ : 670 100 ✓	0,7 : 1 ☒ een deel korrek Aanvaar 0,67 : 1

3

3.3.2

Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwhiteit	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{911\,200 \checkmark}{\frac{1}{2} \checkmark (5\,650\,000 \checkmark + 7\,293\,200 \checkmark)} \times 100$ 6 471 600 twee punte	14,1% ☒ een deel korrek

5

3.3.3

Bereken: Dividenduitbetalingskoers (%)	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{12c + 18c}{30 \text{ sent} \checkmark \checkmark} \times 100$ 53 sent ✓ Of 528 000 / 911 200 x 100 = 57,9%	56,7% ☒ een deel korrek

4

TOTAAL

40

VRAAG 4

4.1

4.1.1	Beperkte ✓
4.1.2	Wesenlikheid ✓
4.1.3	Markprys ✓

3

4.2.1

Identifiseer die maatskappy wat die doeltreffendste likiditeitsposisie het. Haal DRIE finansiële aanwysers aan en verduidelik dit om jou keuse te ondersteun.

MAATSKAPPY: BCM Bpk ✓

Finansiële aanwysers (met syfers) ✓ ✓ ✓ Verduideliking ✓✓

Bedryfsverhouding is 1,8 : 1

Vuurproefverhouding is 1,1 : 1

Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode is 27 dae

Die onderneming het genoeg likiede bates om die huidige skuldverpligtinge na te kom

Die invordering by debiteur is ook doeltreffend (binne die kredietvoorwaardes)

Blyk nie dat te veel voorraad gehou word; voorraad staan nie stil nie; voorraad word gereeld verkoop

6

4.2.2

'n Direkteur van Green Bpk voel dat die maatskappy die lening so gou moontlik moet terugbetaal. Verduidelik wat jy vir hom sou sê. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (met syfers) om jou mening te motiveer.

Finansiële aanwysers (met syfers) ✓ ✓

Verduideliking ✓✓ vergelyking met rentekoers ✓✓

Skuld / ekwiteitsverhouding is 0,6: 1 - die onderneming neig na hoogeratheid / maak meer gebruik van lenings (geleende kapitaal)

OOTKA is 14,7% - 'n aanduiding dat KA produktief gebruik word om 'n goeie wins te genereer/ besigheid positief gerat - rente op lening is 13%

Daar is geen dringendheid om die lening terug te betaal nie.

6

4.2.3

Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingskoerse van Green Bpk en Plaza Bpk, en gee 'n rede waarom die direkteure van elke maatskappy oor dié uitbetalingskoerse besluit het. Haal syfers aan.

Finansiële aanwysers (met syfers) ✓ ✓

Verduideliking vir Green Bpk ✓✓ Verduideliking vir Plaza Bpk ✓✓

Green Ltd paid out 51,6% of the EPS to shareholders and retained 48,4% This business is focusing on growth and long term sustainability.

Die dividenduitbetalingskoers van Plaza Ltd. is 103%, wat beteken dat hulle 'n deel van die behoue inkomste gebruik het om dividende te betaal (bo die VPA).

Dit kan as 'n swak besluit beskou word, aangesien dit nie goed gaan met die maatskappy nie (kyk na die opbrengste) en hulle nie planne vir groei het nie; dit lyk asof hulle die aandeelhouders tevrede stel deur hulle hoë dividende te gee.

6

4.2.4 Aandeelhouding van Sandi Charley:

Sandi Charley is 'n aandeelhouer in twee van hierdie maatskappye.

Sy het R800 000 en beoog om in nuwe aandele te belê.

Al drie die maatskappye het besluit om op 1 Maart 2021 bykomende aandele teen die bestaande markprys op 28 Februarie 2021 uit te reik

Bereken Sandi se % aandeelhouding in Green Bpk en lewer kommentaar op jou bevindings.

$$900\,000 / 1\,700\,000 = 52,9\% \checkmark\checkmark$$

KOMMENTAAR: $\checkmark\checkmark$

Sandi besit meer as 50% van die aandele; het 'n beherende belang; is die meerderheidsaandeelhouer / besluitnemer

4

Bereken die minimum aantal aandele wat sy in Green Bpk moet koop en die bedrag wat sy sal moet bestee.

$$(1\,700\,000 + 250\,000)$$

$$1\,950\,000 / 2$$

$$975\,000 \checkmark\checkmark - 900\,000 \checkmark = 75\,000 + 1 \text{ (of } + 100) \checkmark \text{ een deel korrek}$$

$$75\,001 \times 5,20 \checkmark = R390\,005,20 \checkmark \text{ of } 75\,100 \times 5,20 = R390\,520$$

een deel korrek

6

Watter advies sou jy vir Sandi gee oor haar voorneme om aandele in Plaza Bpk te koop? Gee TWEE punte. Haal syfers (finansiële aanwysers) aan om jou advies te ondersteun.

TWEE geldige punte $\checkmark\checkmark \checkmark\checkmark$

- 'n Laer markprys (532) as die NBW (566) dui daarop dat die vraag na aandele in hierdie maatskappy daal
- Die dividende kan hoog wees (dividenduitbetalingskoers van 103% / 66 sent), maar dit is ten koste van die maatskappy wat moet konsentreer op toekomstige winsgewendheid
- Die maatskappy is ook baie hoog gerat (skuld-ekwiteit 0,7: 1), wat nie effektief gebruik word nie (negatief gerat)
- Die OOAHB teen 5,3% is laer as veiliger beleggings soos vaste deposito's
- Die onderneming het nie genoeg likiede bates om aan die huidige skuldverpligting te voldoen nie (vuurproefverhouding 0,4: 1)

4

TOTAAL

35